

# Soek jy 'n fantastiese tutor?

[www.teachme2.com/matriek](http://www.teachme2.com/matriek)



Vertroulik



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**MEI/JUNIE 2024**

**KWAZULU-NATAL**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Kortverhale (40)

AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

**OF**

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 90 minute

**OF**

AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

<b>AFDELING A: KORTVERHALE</b>		
<b>Beantwoord AL TWEE kortverhale.</b>		
<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>PUNTE</b>	<b>BLADSYNOMMER</b>
1. "Die twee gesinne van Lizzie Mnqebisa"	20	4
<b>EN</b>		
"Ag nee dankie man, Oupa!"	20	6
<b>OF</b>		
<b>AFDELING B: DRAMA</b>		
<b>Beantwoord slegs die EEN vraag.</b>		
2. <i>Perdekrag</i>	40	8

**AFDELING A: KORTVERHALE****VRAAG 1: LUGSPIEËLINGS – Mycelie Pienaar**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE TWEE GESINNE VAN LIZZIE MNQEBISA" – Mycelie Pienaar  
EN

VERHAAL B: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA!" – H du Plessis

**VERHAAL A: "DIE TWEE GESINNE VAN LIZZIE MNQEBISA" – Mycelie Pienaar**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

Estrelita wonder of sy weer iets oor die spataaroperasie moet sê. Lizzie was laas omtrent in 'n koma van angs net by die noem van die woord 'hospitaal'. En tog moet dit sleg wees en haar bene moet pyn daarvan, kyk net hoe swel haar voete. So tussen die poets en vee onthou Lizzie dat die skole teen die einde van die week sluit. Haar twee laatlammers neuk nou al om hiernatoe te kom. Maar waar moet die geld uitkom? Nee, 5 besluit sy, hulle bly net daar, haar aftreehuis op Molteno moet klaar. Sy sal vanaand as ou Dâhl by die dokter gaan eet, gou vir Boeta bel. Darem beter noudat hy ook 'n phone het.

Sy dink aan Boeta en wens hy wil nou bykom en besef die struggle is verby. Hy gaan nog probleme optel, ANC ten spyt! 10

- 1.1 Voltooi die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.1) en die antwoord neer.

personifikasie;	'n vergelyking;	'n hiperbool
-----------------	-----------------	--------------

"Lizzie was laas omtrent **in 'n koma van angs** net by die noem van die woord 'hospitaal'." (Reël 1 en 2) Dit is 'n voorbeeld van ...

(1)

- 1.2 Wie is Lizzie se twee laatlammers?

(2)

- 1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.3) en die letter (A–D) neer.

"Haar twee laatlammers **neuk** nou al om hiernatoe te kom." (Reël 4 en 5)

Dit sê vir ons dat die kinders ...

- A met mekaar baklei het.
- B baie graag na Lizzie toe wou gaan.
- C glad nie na Lizzie toe wou gaan nie.
- D nie vervoer gehad het om na Lizzie toe te gaan nie.

(1)

- 1.4 Waarom wou Lizzie eers vir Boeta bel toe Estrelita by die dokter gaan eet het?

(1)–

- 1.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Beate het vir Lizzie krale as geskenk gekoop toe hulle Grahamstad toe was. (1)

- 1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.6.1 en 1.6.2) en die antwoord neer.

Beate was baie (1.6.1) (opgewonde/hartseer) om huis toe te gaan en Lizzie weer te sien. Tanya het (1.6.2) (gehuil/gekla) omdat hulle so vinnig weer moes huis toe gaan. (2)

- 1.7 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- In Bloemfontein het almal by Ouma oorgeslaap.
- Soufie het die kinders se goedjies in 'n groot tas gepak.
- Estrelita het die idee gekry om Lizzie se kinders te gaan oplaai.
- Lizzie het die beddens in die gastekamer vir haar kinders opgemaak. (4)

- 1.8 Lizzie wou haar twee gesinne uitmekaar hou.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.8.1 tot 1.8.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.8.1	Estrelita	A	... het geweet Lizzie mis haar kinders.
1.8.2	Estrelita se man	B	... was net bekommerd of daar genoeg plek vir almal in die kombi was.
1.8.3	Beate	C	... was verbaas oor Lizzie se kwaai reaksie oor haar kinders wat kom kuier het.
1.8.4	Soufie	D	... het mooi na Lizzie se twee laatlamers gekyk terwyl sy nie by die huis was nie.
		E	... was nie seker of dit 'n goeie idee was om Lizzie se kinders op te laai nie.

(4 x 1) (4)

- 1.9 Waarom kan ons sê dat Lizzie goed daarmee was om planne te maak? (1)

- 1.10 Waarom was dit verkeerd van Lizzie om kwaad te wees vir Estrelita omdat sy haar twee kinders saamgebring het? (1)

- 1.11 Waarom pas die titel, "Die **twee gesinne** van Lizzie Mnqebisa", so goed by die verhaal? (2)

EN

**VERHAAL B: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA!" – H du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

... Kallie wonder nog wat Jack makeer dat hy altyd so voor in die koor is toe Jack uitbars van die lag en met sy vinger na 'n ander tafeltjie wys: "Jispaai ouens, kyk daardie girl en die sugardaddy. Hy kon haar oupa gewees het!"

"Dalk is dit haar oupa," sê Bertie, wat nooit kwaad in ander sien nie.

"Ha! Waar't jy gesien 'n oupa sit en voetjie-voetjie speel onder die tafel en kyk hoe 5  
vat hy aan haar been!"

Al die seuns probeer so onopsigtelik moontlik loer en Kallie voel of hy in die aarde wil insink want dis Oupa Karel wat daar sit en sy voete is rêrig om die jong meisie s'n gedraai en sy een hand lê rêrig op haar been. Hy weet nie waar om te kyk nie, bly net dink, Dankie Vader! Baie dankie dat die ouens nie vir Oupa ken nie. 10

1.12 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) en die antwoord neer.

1.12.1 Kallie se oupa het verander nadat hulle van die ... af dorp toe getrek het.

1.12.2 Een van die dinge wat Kallie gemis het, was om die ... te bestuur.

1.12.3 Kallie se ouma het lekker kos gemaak en Kallie het veral van haar ... gehou.

1.12.4 Ouma het goed gelyk, want sy het gym toe gegaan en ... gespeel. (4)

1.13 Kallie se ouma het verskonings gemaak as oupa nie saam met Kallie kon kuier nie. Noem EEN van hierdie verskonings. (1)

1.14 By watter kafee het Kallie sy oupa saam met die jong meisie gesien? (1)

1.15 Op watter dag van die week was Kallie en sy maats by hierdie kafee? (1)

1.16 Hoe het Kallie gevoel toe hy sy oupa saam met die girl sien? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer.

"Al die seuns probeer so **onopsigtelik moontlik loer** ..." (Reël 7)

Dit beteken dat die seuns ...

- A nie regtig wou kyk nie.
- B te bang was om te kyk.
- C nie mooi kon sien wat aangaan nie.
- D nie wou hê die ander mense moes sien hulle kyk nie. (1)

- 1.18 Kallie en sy maats het kafee toe gegaan nadat hulle eers inkopies gaan doen het.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

- 1.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.19.1 en 1.19.2) en die antwoord neer.

Kallie was lief vir sy oupa en ouma, maar sy oupa was (1.19.1) (sieklik/selfsugtig) en het nie omgee wie hy seermaak nie. Kallie se ouma het die vrede probeer bewaar en was (1.19.2) (onselfsugtig/gelukkig), want sy het nie net aan haarself gedink nie. (2)

- 1.20 Kallie se oupa het die hele familie ongelukkig gemaak.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.20.1 tot 1.20.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.20.1	Kallie het gedink sy oupa is siek.	A	Hulle sou vir 'n ruk lank nie by Oupa en Ouma gaan eet nie.
1.20.2	Toe Kallie agterkom wat sy oupa gedoen het, was hy teleurgesteld.	B	Hulle moes nie kant kies nie.
		C	Hy wou self die dokter bel.
1.20.3	Kallie se pa het geglo dat oupa Karel sou besef dat hy verkeerd optree.	D	Hy wou nie meer saam met sy maats kuier nie.
		E	Hy wou nie meer lekker dinge saam met sy oupa doen nie.
1.20.4	Kallie se ma was baie kwaad vir oupa Karel.		

(4 x 1) (4)

- 1.21 Waarom kan ons verstaan dat Kallie nie vir sy ouma vertel het dat hy sy oupa saam met die jong meisie gesien het nie? (1)

- 1.22 Waarom was dit verkeerd van oupa Karel om nie meer gereeld dinge saam met Kallie te doen nadat hulle stad toe getrek het nie? (1)

- 1.23 Hoe slaag die skywer daarin om te beklemtoon dat Kallie nie kon glo wat hy van sy oupa in die kafee gesien het nie? (1)

- 1.24 Watter les oor verhoudings leer Kallie se ouma vir jou? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**



**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

WILMA:	(Sarkasties.) Jy's arm, siestog. So jy mag maar diere mishandel.	
LUCKY:	Jy was nie daar nie. Jy weet niks nie.	
WILMA:	Wat jy gedoen het, was afskuwelik. Jy was wreed, jy was krimineel en jy is gevonniss.	
LUCKY:	(Skree gefrustreerd.) So, nou plant julle my hier by Oom Olifant en my little ponies. Waarvoor hoop julle – julle bleddie bleeding hearts? As ek net eers sien hoe oulik hierdie goed hoppity-hoppity met ryk brats op, dan gaan ek sommer skielik diere LOVE.	5
WILMA:	Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –	
LUCKY:	– en nou dink julle as ek hier rondhang, gaan ek "insig kry in my probleem"? Fat bleddie chance!	10
WILMA:	Die idee is vir jou om te leer. Hierdie perde kan jy nie boelie nie. Hulle sien dwarsdeur jou.	
LUCKY:	(Desperaat.) Wat de hel wil jy hê moet ek doen?	

2.1 "So jy mag maar diere mishandel." (Reël 1)

2.1.1 Hoe het Lucky diere mishandel? (1)

2.1.2 Waar het hy dit gedoen? (1)

2.2 Noem EEN van die ander perde wat saam met Kaizer op Wilma se plaas is. (1)

2.3 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.3) en die antwoord neer.

'n vergelyking;	klanknabootsing;	'n metafoor
-----------------	------------------	-------------

"Waarvoor hoop julle – julle bleddie **bleeding hearts**?" in reël 6 is 'n voorbeeld van ... (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die letter (A–D) neer.

In reël 11 sê Lucky vir Wilma: "Fat bleddie chance!"

Met hierdie woorde bedoel Lucky dat ...

- A die ryk brats vir Wilma probleme gaan gee.
- B Wilma nie kans gaan kry om hom te leer perdry nie.
- C hy nie gaan kans kry om met die ponies te werk nie.
- D sy tyd op die plaas hom nie met sy probleme gaan help nie. (1)

- 2.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky en sy ma is arm, want mevrou Mhlope kry min geld vir haar werk as onderwyser.

(1)

- 2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

In reël 5 skree Lucky vir Wilma, want hy is (2.6.1) (ontevrede/opgewonde) om sy gemeenskapsdiens op die plaas te doen. In reël 14 vra Lucky vir Wilma wat sy wil hê hy moet doen, want hy is 'n kind wat (2.6.2) (hulp/werk) nodig het.

(2)

- 2.7 Die verskillende karakters in die drama het almal hulle eie probleme gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.7.1	Binki	A	... se swaarkry het Lucky so kwaad gemaak, dat hy baie verkeerd opgetree het.
2.7.2	Sabrina		
2.7.3	Mevrou Mhlope	B	... het skuldig gevoel omdat Grace geskiet moes word oor iets wat sy verkeerd gedoen het.
2.7.4	Wilma	C	... was so besig dat sy nie tyd vir die belangrikste mens in haar lewe gehad het nie.
		D	... het gesukkel om plek te kry waar Lucky sy gemeenskapsdiens kon doen.
		E	... se persoonlike probleme het haar bang gemaak vir ander mense.

(4 x 1)

(4)

- 2.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky 'n foto van Dukie op haar foon gewys.
- Binki het vir Lucky vertel van Dukie wat in die brand dood is.
- Wilma het vir mevrou Bekker vertel dat Lucky hard gewerk het.
- Lucky het Sabrina se naam op Binki se foon na Ma verander.

(4)

- 2.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky gefrustreerd was? (1)
- 2.10 Waarom was dit reg van Wilma om kwaai met Lucky te praat? (1)
- 2.11 Waarom kan jy respek hê vir die magistraat wat Lucky gevonnissen het? (1)
- 2.12 Waarom laat die dramaturg (skrywer van die drama) vir Lucky soveel Engelse woorde gebruik? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS D

BINKI:	<i>(Lag, maar probeer haar foon by hom gryp.) Nee, man, gee my foon! (Hulle stoei speels om besit van die foon. Lucky bly voor Binki wegdans. Binki gryp in die lug rond. Die spel word al wilder totdat Binki haar foon by Lucky gryp en Lucky haar speels aan die arm beetkry. In haar haas om weg te kom, skeur die een mou van haar bloes heeltemal los. Sy struikel geskok eenkant toe en probeer haar kaal arm met die ander een toehou.)</i>	5
LUCKY:	Hel, ek is jammer. Ek wou nie jou klere skeur nie. <i>(Hy druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas. Hy kyk geskok na die growwe littekens op haar arm.)</i>	
	Wat's daai? Hei? Wat het met jou gebeur?	10
	<i>(Binki vlug Kaizer se stal blindelings binne.)</i>	
	Ag nee, moenie huil nie. Ek het jou mos nie seergemaak nie.	

- 2.13 Waarom wou Lucky Binki se foon vat? Noem TWEE redes. (2)
- 2.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.
- 2.14.1 Net voordat Lucky en Binki hier oor haar foon gestry het, was Lucky by Kaizer. Hy wou Kaizer met 'n ... slaan.
- 2.14.2 Kaizer het Lucky gestamp en hy het op die grond ...
- 2.14.3 Lucky het vir Kaizer van die ... vertel.
- 2.14.4 Kaizer het sy voorpoot vir Lucky gelig en sy ... teen Lucky se skouer gedruk. (4)
- 2.15 Wat het Lucky vir Kaizer gegee? (1)
- 2.16 Hoe het Wilma gevoel toe Lucky vir haar sê wat hy vir Kaizer gegee het? (1)
- 2.17 Binki het 'n bloes met lang moue gedra omdat sy koud gekry het.
- Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

- 2.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.18.1 en 2.18.2) en die korrekte antwoord neer.

Binki het vir Lucky gevra om haar foon terug te gee, maar hy het aangehou om haar (2.18.1) (bang te maak/te terg). Aan die einde van die drama sien ons dat dit 'n (2.18.2) (positiewe/negatiewe) verandering in Binki se lewe gebring het.

(2)

- 2.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.19) en die letter (A–D) neer.

"Binki vlug Kaizer se stal **blindelings** binne." (Reël 11)

Dit beteken dat Binki ...

- A by die verkeerde stal ingegaan het.
- B eintlik na Tinkerbelle se stal gesoek het.
- C nie langer saam met Lucky wou wees nie.
- D deur die trane nie gesien het sy gaan by Kaizer se stal in nie.

(1)

- 2.20 Die twee kinders het albei op 'n goeie manier verander terwyl hulle op Wilma se plaas was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.20.1 tot 2.20.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.20.1	Lucky het Binki oor baie dinge geterg.	A	Binki het hard gewerk om matriek te slaag.
2.20.2	Na die eerste Saterdag op die plaas het Lucky baie gedink oor alles wat daar gebeur het.	B	Lucky het besef dat hy ander mense seermaak as hy praat sonder om te dink.
2.20.3	Lucky het Wilma 'n "ou dronkie" genoem.	C	Binki het besluit dat sy nie meer haar letsels gaan wegsteek nie.
2.20.4	Lucky het per ongeluk Binki se bloes se mou losgeskeur.	D	Lucky wou by Wilma weet waarom Wilma "soort van community service" gedoen het.
		E	Wilma het vir Lucky gesê om mooi met Binki te werk.

(4 x 1)

(4)

- 2.21 Lucky "*druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas.*"  
(Reël 7 en 8)

Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky die mou weer teen Binki se arm probeer "aanlas" het?

(1)

- 2.22 Die magistraat het gedink Lucky moes 'n kans kry om met diere te werk.

Waarom kan ons sê dat die magistraat reg was?

(1)

- 2.23 Mense wat hartseer is of probleme het, voel beter nadat hulle daaroor gepraat het.

2.23.1 Watter les het jy hieroor geleer uit Lucky se gesprek met Kaizer?

(1)

2.23.2 Watter les het jy hieroor geleer toe Binki met Lucky oor haar ma gepraat het?

(1)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**GROOTTOTAAL: 40**